

MATRIEKUITSLAE 2013 - GEMENGDE GEVOELENS

Dit is inderdaad so dat daar meer rede as gewoonlik is om dankbaar te wees vir die matriekuitslae van 2013. 'n Uiteraars welkome verbetering is dat vanjaar se matriekuitslae die grootste getal leerders toon wat voldoen aan die vereistes om verder aan hoërondewysinstellings te studeer. Leerders, skole en departemente verdien hiervoor ons gelukwensing. Die syfer het vanjaar met 4% tot net meer as 30% gestyg en die toename in onderskeidings en die verbetering in wiskunde en wetenskap is 'n groot stap in die regte rigting. Dit is kritiese prestasie-areas waaraan die gehalte van vorige uitslae mank gegaan het.

Al nege die provinsies se slaagsyfer is beter as 2012 se uitslae. 'n Buitengewone poging deur die Vrystaat, een van die arm provinsies, deur onder andere programme en ondersteuning van UOVS, met Jonathan Jansen aan die spits, het vrugte afgewerp. Die Vrystaat was die toppresterder tussen die provinsies met 'n slaagsyfer van 87,4%. Dit demonstree dat trots, geesdrif en toewyding 'n verskil kan maak. Die Wes-Kaap en Gauteng, met baie meer bronne tot hulle beskikking, het Noordwes en die Vrystaat gevolg.

'n Verder saak wat gelukwensing verdien, is dat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2013 vir die sesde keer afgelê is. Die eksamenproses het goed afgeleed en die stelsel begin nou goed werk na 'n tandekry proses. Verlede jaar was daar ook min gevalle van vraestelle wat gelek het en ander insidente wat die integriteit van die proses in die gedrang bring. Dit alles is sake wat gelukwensing verdien. Daar is leerders, onderwyslui en ouers wat baie ure ingesit het om die sukses van leerders in die eksamen te verseker.

Die verbetering van die matriekslaagsyfer in 2013 is egter geen rede tot groot feesvieringe nie. Die feit is dat die top-20% van die skole die nasionale gemiddelde baie opstoot en skeeftrek. Dié skole, eilande van uitnemendheid, is veral die voormalige model C-skole. Ander kritiese areas waaraan nog gewerk moet word, is die swak deurvloei-syfer: die getal leerders wat 12 jaar gelede met hul skoolloopbane begin het teenoor die getal wat uiteindelik die matriekeksamen suksesvol voltooi, bly een van die swakste ter wêreld. Net meer as 'n halfmiljoen matrieks het vanjaar die eksamen afgelê, maar meer as 1,2 miljoen leerders het 12 jaar gelede hul skoolloopbane begin. Swakker leerlinge word aangemoedig om die skool te verlaat sodat statistieke vir 'n betrokke skool/provinsie beter kan lyk.

'n Ander probleem is die wolk oor die slaagvereistes. Verskeie kundiges meen die publiek en besigheidsektor sal dalk meer vertrouwe in die matriekuitslae kry as die slaagvereistes van 30% of 40% tot 50% in alle vakke opgestoot word. Tans moet 'n kandidaat 40% kry in 3 vakke, waarvan een die huistaal is, en 30% in nog 3 om 'n matrieksertifikaat te kry. Om toelating tot graadstudie te kry, moet 'n kandidaat 50% in 4 vakke en 30% in die res kry. In die huistaal moet 40% behaal word. Indien die bogenoemde aanpassing gemaak word, kan die slaagsyfer ingrypend anders lyk.

Die NG Kerk is daartoe verbind om steeds moontlikhede te ondersoek om 'n bydrae tot die onderwys te maak. Ekumenies word daar met verskeie groeperinge

saamgewerk om die saak van die onderwys voorop te stel. By haar laaste Algemene Sinode het die kerk dan ook 'n besluit geneem om alle moontlike weë te ondersoek om 'n verskil te maak. Die Biddag vir Opvoeding en Onderwys op die 9de Februarie 2014 bied 'n goeie geleentheid vir 'n demonstrasie van solidariteit met hierdie saak.

Praktiese wenke vir die inrigting van dié geleentheid:

- Nooi plaaslike onderwysers, skoolhoofde en beheerraadslede na dié spesifieke erediens. Doen vir hulle voorbidding tydens die liturgie. Van die jongmense kan gevra word om 'n gebed te doen/voor te lees vir die skole, onderwysers ens. Sing vir onderwysers en beheerraadslede 'n seënbede toe. Besoek die plaaslike skole, nooi ander leraars saam; neem iets wat tydens pouse in die personeelkamer geniet kan word, saam. Gee die leraars geleentheid om vir die personeel voorbidding te doen.
- Bied hulp en ondersteuning aan, vra waar daar behoeftes is waarmee die kerk kan ondersteun. Dit kan verskeie vorme aanneem: fasiliteite, mannekrag, kundigheid, hulp met kinders in die na-skool (bv. hulp met huiswerk ens), voedselprojek vir minderbevoorregte kinders, berading, ekstra klasse in wiskunde, wetenskap ens.

Sake waarvoor voorbidding gedoen kan word:

- Die minister van onderwys, plaaslike onderwys-strukture.
- Dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde en onderwysers, dosente, ouers en leerders.
- Plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers, ouers en leerders.
- 'n Fokus vir eie betrokkenheid.
- Voorbidding vir werklose jongmense.

Verdere betrokkenheid:

- Skakel met *Reaching a Generation* (RAG) ivm 'n verskeidenheid van opsies en projekte wat gratis beskikbaar is en gebruik kan word om by skole betrokke te raak.
Kontakbesonderhede: **Jan van der Merwe, Director Education Platform, *Reaching a Generation*, 082 333 3075, www.rag.org.za.**
- Gebruik die video van *Upward Bound* by <http://vimeo.com/58921326> om meer inligting te kry hoe om betrokke te raak.

Dr Gustav Claassen
2014-02-04